SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS 17 APRIL 2005

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in SuidAfrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

In die nuus vandag:

TOEKENNINGS GEMAAK TYDENS DIE TOEKENNINGSGESELLIGHEID WAT DIE SARL-AJV VOORAFGEGAAN HET

VERBETERING AAN UITSLAG VAN DIE PEARS WELKOM-OP-HF-KOMPETISIE

MAANDAG 18 APRIL IS WêRELDAMATEURRADIODAG

SARL IARU-FONDS BREEK DEUR DIE R5 000 GRENS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 6752393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. U berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels, maar, gaan asb. veral syfers behoorlik na voordat u die berig instuur, die redakteur kan teksfoute geredelik regstel maar met syfers is dit nie moontlik nie.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

TOEKENNINGS GEMAAK TYDENS DIE TOEKENNINGSGESELLIGHEID WAT DIE SARL-AJV VOORAFGEGAAN HET

Hier volg die name van die SARL-lede aan wie toekennings gemaak is tydens die toekenningsfunksie op Vrydagaand wat die SARL se AJV op Saterdag 9 April voorafgegaan het:

Willie Wilson Goue Kenteken aan Rassie Erasmus, ZS1YT.

Jack Twine Verdienstelikheidstoekenning aan: Rene van Zyl, ZS1VR; Dave Reece, ZS1DFR; Louis van Heerden, ZS1LVH; Peter Hers, ZS6PHD; Colin de Villiers, ZS6COL.

Tegniese, Bedryfstoekennings: Die Arthur Hemsley 2 m-bedryfstrofee aan Lee Hanegraaf, ZS5LEE, en die Barney Joeltrofee aan John Smith, ZS6AN.

Icom Voortreflikheidstoekennings aan: Hal Lund, ZS6WB, en Lee Hanegraaf, ZS5LEE.

Joseph White Plaket aan John Sygo, ZS6JON.

Bert Buckley Sesmetertrofee aan Paul Smit, ZS6NK.

Radio ZS Tweemeterwisseltrofee aan Lee Hanegraaf, ZS5LEE.

Radio ZS-skild aan Mike Bosch, ZS2FM.

JJ Pienaartrofee aan Johan Terblanche, ZS1I.

Gary Immelman Radioamateur Erfeniswisseltrofee aan Mike Bosch, ZS2FM.

Arland Ussher Goue Pentoekenning aan M S Osman, ZR1SSB, van Parow.

Tinus Lange 7066 Tegniese Uitnemendheidstoekenning aan Hans Kappetijn, ZS6KR

SARL HF-kompetisietoekennings:

Stil Sleutel Herdenkingstrofee, ESB, aan Barney Fourie, ZS4U. Stil Sleutel Herdenkingstrofee, GG, aan Barry Brokensha, ZS6AJY, Ed Willers, ZS6UT, en Allan Smith, ZS1AAX.

Joseph Whitetrofee aan Barney Fourie, ZS4U.

Fred Millstrofee aan Jan Botha, ZS4JAN.

Anon Trophy to Karel Bezuidenhout, ZS6WN.

HOS-bak aan Barney Fourie, ZS4U.

Die AKYAB-trofee is nie toegeken nie.

Die Klubdeelnametrofee aan Die PRETORIA AMATEURRADIOKLUB.

Baie geluk aan al die toekenningswenners, mag die pogings wat aangewend is, en die voorbeelde wat deur julle gestel is, andere inspireer om die toekenningsbestuurder se taak volgende jaar nog moeiliker te maak.

VERBETERING AAN UITSLAG VAN DIE PEARS WELKOM-OP-HF-KOMPETISIE

'n Fout het ingesluip in die uitslag van die Welko-op-HF-Kompetisie wat verlede week bekend gemaak is. Een bladsy van 'n bladsy van Louis Haarhoff, ZR6LH, was gedurende prosessering oorgeslaan. Dit besorg nou aan hom 'n derde plek met 'n puntetelling van 227 punte.

Die volledige resultaat in die ZR-afdeling van die kompetisie is nou: !ste plek: ZR6STC, 575 punte, 2de plek: ZR6JRN 478 punte en in die derde plek ZR6LM met 227 punte.

Die stand in die ZS-afdeling bly onveranderd: !ste ZS6ZYM 204 punte, 2de ZS4JAN 82 punte en 3de ZS3AOR met 61 punte.

Hierdie uitslae is nou finaal. Opregte verskoning vir die fout.

MAANDAG 18 APRIL IS WêRELDAMATEURRADIODAG

Die Internasionale Amateurradiounie, IARU, herdenk more, 18 April, sy 80ste verjaarsdag wat die dag is waarop die internasionale handves in 1925 in Parys onderteken is. 18 April is toegewy as Wêreldamateurradiodag en word hierdie jaar gevier met die tema "Uitbreiding aan die Wêreld van Draadlooskommunikasie".

IARU-President, Larry Price, sê dat amateurradio-operateurs leiers was in die ontwikkeling van baie van vandag se moderne elektroniese en kommunikasiewonders. Die inwoners van die aarde kan deesdae dink dat "draadloos" die alomteenwoordige sellulêre of draagbare telefoon is weens die pionierswerk in radio en verwante tegnologieë wat in die eerste plek deur daardie amateurs ondersoek is.

Verskeie toonaangewende elektriese ingenieurs kon baat vind uit hul praktiese ervaring as radioamateurs soos hulle moderne radio- en televisieontvangers ontwikkel het met insluiting van tweerigringradios, aanpassende antennas en baie ander uitvindings wat vandag noodsaaklikhede is.

Hedendaagse amateurs gaan voort om nuwe grense te verken. Radioamateurs vind maniere om frekwensies aan die uiteindes van die spektrum te gebruik met die interkoppeling van radio en die internet en met eksperimentering met ultrahoëspoed digitale kommunikasie. Amateurradio-operateurs is "amateurs" alleenlik omdat hulle onbetaalde vrywilligers is; hulle vaardighede en bydraes aan die wêreld is van die hoogste gehalte.

In 'n mediavrystelling, wat vandag uitgereik is, het die SARL-President Graham Hartlett, ZS6GJH, gesê dat amateurradio sy waarde aan lande en gemeenskappe bewys het en deur baie as 'n nasionale bate beskou word wat beskerm en ontwikkel moet word. Terwyl die hoofaktiwiteit van amateurradio is om navorsing in en die ontwikkeling van radio- en kommunikasiewetenskappe te bevorder, het dit bewys dat dit 'n waardevolle bate met rampverligtingsoperasies is.

"Amateurradio is gesond en lewendig; en dit groei. Ons het ons fokus daarop gerig om jongmense in te bring in die amateurradiodiens, soos dit offisieël deur die ITU genoem word, met die hoofdoel om belangstelling in tegnologie op 'n jong ouderdom te bevorder en om jongmense aan te moedig om elektronika en kommunikasie as 'n beroep te kies", het Hartlett gesê. "Ons werk nou saam met die Departement van Kommunikasie om opleidingsentrums vir amateurradiokommunikasie in verskeie gebiede in Suid-Afrika daar te stel ten einde hierdie doel te bereik".

"Met oor die 3 miljoen radioamateurs in die wêreld, is dit belangrik om kennis te neem dat die grootste konsentrasie van radioamateurs in die lande is wat oor die sterkste ontwikkelde elektronika-industrieë beskik. Ons het 'n lang pad om

te gaan, maar met die President se oproep om die Iformasie en Kommunikasietegnologiesektor in Suid-Afrika te ontwikkel, sal die Suid-Afrikaanse Radioliga sy deel van die taak nakom", het Graham Hartlett gesê.

"Ons is trotse lede van die IARU en vandag herdenk ons saam met hom Wêreldamateurradiodag".

Die volledige teks van die mediavrystelling is beskikbaar op die SARL se webblad nl. www.sarl.org.za. Klubs word aangemoedig om dit vandag nog af te laai en dit aan hulle lokale nuusblaaie en radiostasies beskikbaar te stel.

SARL IARU-FONDS BREEK DEUR DIE R5 000 GRENS

Tyd loop uit om die vereiste bedrag in te samel ter betaling van die IARU-ledegeld. Tot datum is R5 066 ingesamel. Dank gaan aan Edwin en Janet Musto vir hul mildelike bydrae die afgelope week. Die mikpunt is R13 000 wat by Meimaand bereik moet word wanneer die SARL se lidmaatskapfooi van die IARU betaalbaar raak. Die mikpunt is R13 000 wat by Mei bereik moet word wanneer die SARL se ledegeld betaal moet word. Maak asb. u bydrae en help om die SARL en Suid-Afrika internasionaal verteenwoordig te hou. Nadat 'n donasie gemaak is, stuur asb. 'n kopie van die depositostrokie per faks na 012 991 5651 of per e-pos na saardt@intekom.co.za of pos dit na Posbus 90 438, Garsfontein, 0042. Die rekeningnommer vir bydraes is ABSA 560 142 722, Menlynpark, takkode 335 645. Tjeks moet uitgemaak word aan The SA Amateur Radio Development Trust. Volledige besonderhede, insluitende 'n lys van skenkers, is beskikbaar by www.amateurradio.org.za. Vier Wêreldamateurradiodag deur u bydrae te maak.

VK2IMD SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE

Van Australië kom die nuus dat die Hornsby en Distrikte Amateurradioklub en die Waroonga Amateur Historiese Radiovereniging 'n spesiale geleentheidstasie vir Internasionale Marconidag sal bedryf.

Wahroonga is die ligging van die eerste kontak tussen Brittanje en Australië - tussen Guglielmo Marconi in Carnarvon, Wallis en Ernest Fisk in Wahroonga, Nu-Suid-Wallis.

Die spesoale stasie sal met die roepsein VK2IMD vir die volle 24 uur vanaf 00:00 UTC op 23 April op alle bande vanaf 80 tot 10 meter, soos voortplanting toelaat, aktief wees.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Alhoewel voortplantingstoestande oor die afgelope week nog steeds baie swak was, was daar wel goeie geleenthede vir DX. Donderdagmiddag laat was die 20 m-band nogal redelik aktief- selfs tot in Japan. Goeie kontakte is na die Seychelles gemaak. Dit was toe te skryf aan matige stormagtige toestande. Die verwagting is dat hierdie toestande slegs tot die 14de sal duur. Die sonvlekgetal het redelik konstant oor die afgelope week gebly. Dit was Donderdag 28,9 teenoor verlede

Sondag se 32,5. Monitor die 20 m-band gereeld, julle sal nie teleurgesteld wees nie.

DAGBOEK VAN GEBEURE

17 April, dus vandag, - 2 m QSO-partytjie in die Johannesburg/Pretoriagebied; 23 April - Spesiale Marconidagstasie VK2IMD vanaf 00:00 UTC op die lug; 23 April - Vier Marconidag op AM met SA-AWA op 7 070 kHz vanaf 08:45 SAT; 14 Mei - AMSATCOM 2005; 19 Mei - Radioamateurseksamen; 31 Mei - Sluitingsdatum vir deel 2 van die 2005 konstruksiekompetisie

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 SAT te luister na Amateur Radio Mirror International op 17 810, 7 205 en 7 082 kHz en op verskeie herhalers te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentek geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees is deur vanuit as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending sluit nou en SARLnuus wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX